LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

03-06-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 20 VIR 2019



LEES ASB. SAAM MET KWARTAALPROGRAM

1 VOLKIE VERE:

Ons klerewinkel, Volkie Vere is gesluit op 6 Junie 2019 a.g.v voorraadopname.

2 FOTODAG:

Ons neem 11 Junie 2019 foto's van:

- Rugby en Netbal (spandrag)
- Bulletjies en mini-netbal (spandrag)
- Skaak (skool-sweetpakke)

3 VOLKIE SPORT:

Baie dankie aan elke ouer vir u gedrag langs die veld. Dankie dat u, u waardes op so 'n positiewe manier uitleef en 'n voorbeeld stel vir ons kinders.

3.1 MINI-NETBAL:

Baie dankie aan ons spelertjies en ouers vir 'n lekker netbal seisoen. Baie dankie vir u opofferings en ondersteuning met elke oefening en wedstryd. Dit word baie waardeer.

3.2 NETBAL UITSLAE:

Sedibeng uitspele te Dr. Malan in Meyerton van 31 Mei en 1 Junie:
Baie geluk aan die volgende spanne:

* 0/10A en 0/12A eindig 5de
* 0/13A eindig 4de
* 0/11A eindig 2de
* 0/11B eindig as Sedibeng wenners!

3.3 RUGBY:



- Geen Bulletjie rugbyoefening meer nie. Baie dankie aan elke spelertjie , afrigter en ouer vir 'n puik seisoen.
- Ons Sedibeng rugby finale vind plaas op Woensdag, 5 Junie 2019. Sterkte aan die O/9, 2de en 1ste spanne.

4 KOOR:

* Die Juniorkoor oefen Maandag vanaf 14:00 - 14:45.
** Geen Seniorkoor oefening op Woensdag nie. Ons hanteer weer Vrydag, 7 Junie 2019 die parkering op die rugbyveld vanaf 17:00 - 19:30 vir die nagmark by Diamante en Goud. Ons tema is S of W.

5 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:

Almal moet hul **sertifikaat en repliek gaan wys vir Juf. Lizelle (Juniors) en Juf. Madeleine (Seniors)**, voor 14 Junie 2019. Hierdie word in ag geneem vir die Bekroningsaand.

6 HEIDELBERG EISTEDDFOD:

... vind plaas vanaf 15-27 Julie 2019 (3de kwartaal). Inskrywings het reeds gesluit.

7 REVUE 2019:

Revuegeld is betaalbaar tot laaste dag van 2de kwartaal.

8 VOLKIE - DRAMAKLUB

Ons volgende kontaksessies is op: 5 Junie en 12 Junie.

9 " S P R E E K K O O R ":

Ons oefen weer almal vandag in Juf. Monica se klas.

10 WILDSFEES:

Baie dankie aan elkeen wat bygedra het om van vanjaar se Wildsfees 'n sukses te maak.

Baie geluk aan die volgende wenners:

1ste prys - Waterbok - Mnr Louwtjie Dalhouzie
2de prys - Swartwildebees - Moné Greyling
3de prys - Springbok - Mev Olivia Rass

**Die volgende leerders het die meeste kaartjies verkoop:

1ste plek - Kaitlynn Uys - Gr 1 A
2de plek - Vonné Meyer - Gr 6 V
3de plek - Rossouw Combrinck - Gr 1 A

***Die klas wat die meeste kaartjie verkoop het:

Gr 1 A - Juf. Amanda

11 UITKOMTYE:

- Die volgende uitkomtye sal gevolg word vanaf 5 Junie tot 13 Junie:
  Graad R tot 3 - 12:45
  Graad 4 - 7 - 13:00
- Rapporte word Donderdag, 13 Junie tussen 17:00 en 18:00 in die skoolsaal uitgedeel.
- Die skool sluit 14 Junie 2019 om 10:00.

12 ✏ASSESSERING:

- Formele assessering is afgehandel.
- Normale onderrig vind wel nog plaas.

13 CONQUEROR WAENTJIE PROJEK:

- Hierdie is ons laaste GROOT fondsinsamelingsprojek vir die jaar.
- Ons vra GROOT ASSEBLIEF vir 'n groot poging van die ouers en leerders.
- Ons loot 'n Conqueror waentjie, Courage Trailer, uit ter waarde van R127 000.
- Elke leerder sal 'n boekie ontvang met 10 kaartjies in teen R100 'n kaartjie.
- Trekking vind plaas by die Varkfees.
- Die leerder wat die meeste kaartjies verkoop wen R1000.
- Die gesin wat die meeste kaartjies verkoop wen die waarde van 1 jaar se skoolgeld vir 2 kinders.
- Vir elke 5de kaartjie wat verkoop word, mag leerders gewone klere aantrek en elke 10de kaartjie kry die kind 'n snoepie koopbewys by.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF